Maandbrief

Maart 2009

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ✆ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Vandag skryf ek weer vir u 'n briefie, maar nie sommer enige briefie nie. Nee, hierdie briefie se hoofdoel is om elkeen te herinner dat iemand baie belangrik 'n afspraak met jou gemaak het. Ja, spesiaal net met jou.

Die een wat hierdie afspraak gemaak het is Jesus self, die gekruisigde en opgestane Heer. Net soos wat Jesus 'n afspraak met sy dissipels gemaak het, maak Hy dieselfde afspraak met jou.

Eers vertel Hy vir Sy dissipels wie Hy is: Hy is die Een met alle mag. Na Sy dood neem Hy die eerste plek in die heelal in volgens Kol 1:18. Die dissipels en jy moet weet dat ons Koning heers. Halleluja, is dit nie wonderlik nie. In Matt 28:20 belowe Hy vir Sy dissipels (waarvan jy ook deel is) dat Hy vir altyd saam met hulle sal wees. Waarheen jy ook al gaan of in watter moeilike situasie jy jouself mag bevind, Hy is met jou.

Al wat Hy vra is dat jy hierdie storie met ander sal deel, omdat Sy genade genoeg is vir elkeen van ons. Wat 'n wonderlike werk. Die Bybel belowe dat dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het tot ons beskikking is. Jy mag maar jou bors uitstoot en trots voel omdat jy deel kan wees van so 'n wenspan. Emmanuel, God is met jou.

God bless
Past. Leon

Kerkbraai

Almal word hartlik uitgenooi na ons bring en braai na afloop van 'n informele diens.
Dit gaan 'n heerlike oggend wees en ons gaan lekker om die kole kuier.
Dis beslis nie iets om mis te loop nie.

Sondag-oggend, 8 Maart

Onthou om gemaklik aan te trek.

Let daarop dat daar Geen Aanddiens sal wees nie.

Positiewe denke

Ons hou almal daarvan om vir mense te gaan kuier waarmee ons lekker kan gesels en lag. Vriende wat jou sommer net beter laat voel deur hulself te wees. Mense wat altyd net die beste in jou na vore laat kom.

Ons almal leef in 'n gejaagde wêreld en ons almal kom in kontak met twee soorte mense. Hulle is of optimiste of pessimiste.

Hierdie gedagte laat my bietjie dink. As mense in die wêreld na ons kyk hoe sien die mense JOU. Is jy 'n optimis of 'n pessimis. Dit beteken natuurlik nie dat dinge nooit skeef loop en dat ons nooit mag hartseer word nie. Die vraag is kan jy te midde van alles positief bly.

Paulus sê in Fil 4:8 baie mooi hoe jou en my gedagtes moet wees.

Wees jy 'n glimlag in iemand se lewe.

Quintin

Huishouding

Die huishoudingsdepartement van die gemeente probeer mense op 'n gereelde basis ondersteun sover dit vir ons moontlik is, deur u bydraes in die vorm van kos en ander benodigdhede aan hulle deur te gee. Dus wil ons baie dankie sê aan elkeen wat ons gereeld ondersteun.

Vriendinne

Hierdie afgelope maand het ons 'n paar vriendinne bygekry.
Ek wil u net herinner waaroor die geheime vriendinne gaan.

Ons almal hou daarvan om te weet dat iemand aan ons dink. Doen dus moeite om jou vriendin spesiaal te laat voel. Laat so af en toe vir haar 'n ietsie by die ingang van die kerk om haar te laat weet dat iemand aan haar dink. Moet net nie jou eie naam opskryf nie, sy sal eers aan die einde van die jaar uitvind wie vir haar gesorg het. Onthou ook om gereeld vir haar te bid en bemoedig.

Jy kan 'n instrument wees wat God in daardie persoon se lewe plaas om haar te bemoedig waar en wanneer sy dit nodig het.

Dagboek:

Maart 2009

Sondag, 1 Maart	Nagmaal
Sondag, 8 Maart	Kerkbraai

Identiteit

As mens is ons almal gemaak, geskape en geformeer deur Hom. Hy het ons gemaak, geskape en geformeer sodat ons aan hom kan behoort en kan funksioneer a.g.v. dit wat Hy in ons is nl. Sy lewe en sodoende het ons waarde. Dus is ons identiteit daarin geleë dat ons behoort, ons funksioneer en ons waarde het. Ons is a.g.v. van Hom wat drie is nl. Vader, Seun en Heilige Gees. Ons is drie nl. liggaam, siel en gees, wat `n drie in een identiteit uit lewe nl. ek behoort (aan Hom), ek het waarde (in Hom) en ek het vermoëns (Sy Gees is in my). Hierdie drie in een God wat `n drie in een mens daar gestel het deur drie in een werkwoorde om `n drie in een bestaan te voer is die heerlikheid van God. Die probleem is egter dat ons almal aan die heerlikheid van God ontbreek omrede ons almal gesondig het (Rom. 3:23).

Met die sondeval het hierdie drie eienskape verander in drie behoeftes nl. Ek wil nog steeds behoort, maar aan wie as dit nie God is nie? Ek wil nog steeds waarde hê, maar hoe as ek my waarde nie van Hom ontvang aan wie ek behoort nie? Ek wil nog steeds dinge doen, maar nou met watter krag as ek weg beweeg het van Sy krag? Na die val van die mens het ons eienskape verander in behoeftes. Ons het dus behoeftig geword.

Die identiteit wat ons ontvang het vanaf die Goddelose wêreld of die identiteit wat ons dink ons is, sal bepaal wat ons doen om ons behoeftes te bevredig. Ons behoeftes om waarde te hê, te behoort en te kan doen kan nou bevredig word deur tydelike dinge soos geld, mense, mag en posisies. Dus word ons identiteit bepaal deur dit wat in `n oomblik kan verander.

U kan nou vir my sê "wag `n oomblik ek is `n Christen, ek is wedergebore en my gees is lewendig vir God en Jesus is my redder". Ja, dit mag so wees maar ons moet besef dat ons steeds die geneigdheid het om volgens ou partone te lewe. Daardie patrone word in ons gevestig deur ons agtergrond, dinge wat met ons gebeur het en sodoende `n indruk op ons gedagtes, emosies en wil gemaak het en dit is ons siel. Ons moet weet dat ou patrone ons geprogrameer het om ons behoeftes te bevredig deur sukses na te jaag, seksueel te wees of selfs godsdienstig te wees. Ja, ons almal is in `n kleiner of groter mate beïnvloed om gelykvormig aan die wêreld te wees.

Die oplossing is om die identiteit aan te neem wie ek en jy in Christus is. Hy gaan nie ons ou identiteit vol pleisters plak nie, néé! Ons moet verander deur ons gemoed te verander soos Rom. 12:2 sê. Dit doen ons deur te neem wat Hy vir ons gee, in die geloof. Ons lê ons ou patrone of lewe af deur ons kruis op te neem soos Matt 16:24-25 sê en Hom te volg. As dit nou in `n Porche is of in `n paar plakkies, dan bepaal die porche of plakkies nie ons identiteit nie, maar net wie en wat Christus sê ons is.

Wanneer die ou patrone dood is (wat ons dood maak deur ons kruis op te neem) en jy jou plakkies moet aantrek, dan doen jy dit met die gesindheid van Christus (Fil. 2:5) en wanneer die toekoms met plakkies jou bang maak, dan weet jy dat jy tot alles in staat is deur Christus wat jou krag gee (Fil. 4:13) en wanneer jou buurman se Porche verby jou ry, weet dat al jou behoeftes bevredig sal word deur die rykdom van Christus (Fil. 4:19). Dan sal jy weet dat selfs in jou plakkies oomblik, jy oor niks besorg moet wees nie (Fil. 4:6-7).

En wanneer jou identiteit wat Christus jou gee onverstaanbaar is, weet dat Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan, jou intens sal bewaar (Fil. 4:6-7).

So is Daniël met plakkies uit die kuil opgetrek sonder dat daar `n letsel aan hom gevind is, omdat hy op sy God vertrou het (Dan.6:24).

Steeds met perfekte plakkies, in Christus, Pastoor Fanie Scanlen.